

## SONDAG VIR

## PERSONE MET GESTREMDHEID

26 Augustus 2018



### KREATIEWE IDEES VIR 'n SPESIALE DAG

**Datum:** Jaarliks die laaste Sondag in Augustus – of 'n ander datum wat u kerk-program pas

**Tema:** Die menswaardigheid van persone met gestremdheid.  
U kan ook 'n eie tema kies wat gepas is in u konteks.

#### **Die Kerk en persone met gestremdheid? Beleef hul menswaardigheid?**

Na raming is 95% van persone met gestremdhede nie by die Kerk betrokke nie. Daar mag baie redes hiervoor wees. Die storie van Niël is 'n belangrike les:

*"As gevolg van 'n beroerte het ek 'n ernstige spraak-gebrek. Ek aanvaar dit heeltemal dat mense sal sukkel om my te verstaan. By die kerk is daar 2 persone wat tyd maak en geduldig probeer om met my te kommunikeer. Meeste ander mense ignoreer my. Die moeilikste vir my is diene wat dink ek het 'n intellektuele gestremdheid, hul behandel my soos 'n kind. Ek voel dikwels ek word nie gerespekteer nie. Mense fokus op my gestremdheid en sien nie my menswaardigheid raak nie."*

Sondag vir Persone met Gestremdheid is 'n jaarlikse geleentheid om oorweging te gee aan die vraag: "Respekteer ons werklik die menswaardigheid van persone met gestremdheid?"

#### **Voorstelle vir aktiwiteite op Sondag vir Persone met Gestremdheid**

##### **1. Wees braaf en praat eerlik oor die volgende vrae:**

- Watter ervarings het persone met gestremdhede in ons kerk?
- Hoe kan ons geleentheid skep om respek teenoor gestremdes uit te leef?
- Wat beteken dit dat *alle mense* die beeld van God in hul dra?
- Wat sou werklike insluiting en 'tuis-wees' vir persone met gestremdheid beteken?

## **2. Behalwe om slegs te *praat* oor persone met gestremdheid, wees gewillig tot innerlike *transformasie*:**

- Die siening dat gestremdheid 'n probleem is, kan verander na respek vir die beeld van God in alle mense, dus het ook gestremdes waarde, en geestelike gawes.
- Die oordrewe fokus op wat gestremdes 'nie kan doen nie', kan verander na 'n waardering vir hul unieke menswees en 'n openheid om te leer hul ryk lewenservaring.
- Die ingesteldheid van 'Ek kan nie in verhouding tree met 'n gestremde persoon nie, dis vir my te erg', kan verander na 'Ons is almal God se mense wat saam Hom kan dien'.

## **3. Hou 'n interessante erediens wat interaksie en deelname beklemtoon:**

- Nooi mense met gestremdhede in u gemeenskap om u erediens by te woon. Reël vir hulle vervoer, indien nodig.
- Vra persone met gestremdhede in u gemeente om in die erediens leiding te neem, byvoorbeeld: 'n preek deur 'n persoon wat 'n rolstoel gebruik, 'n groepie Dowe persone wat 'n sang item in Gebare Taal lewer, 'n blinde persoon wat uit die Braille die Bybel voorlees.
- Lewer 'n preek oor menswaardigheid in die konteks van gestremdheid.
- Skep geleentheid waar gestremdes en nie-gestremdes kan kommunikeer op 'n persoonlike vlak.
- Vertoon 'n kort video: byvoorbeeld hoe 'n gemeente mense met spesiale behoeftes kan ondersteun. 'You Tube' op die internet het interessante voorbeelde.
- Reël 'n spesiale geleentheid waar kinders meer oor gestremdheid kan leer, byvoorbeeld 'n rit in 'n rolstoel, lees uit die Braille Bybel of om 'n speletjie saam met gestremde kinders te speel. Hanteer so iets egter met die nodige sensitiwiteit en respek.

## **4. Leef as 'n kerk wat te alle tye respek betoon aan die menswaardigheid vir persone met gestremdheid:**

Besoek gerus die RampUp webwerf waar baie nuttige dokumente beskikbaar is ten einde voortgaande insluiting van gestremde persone te verseker.

Sien [www.rampup.co.za](http://www.rampup.co.za). Kontak persoon: Erna Möller – [erna@tlm.co.za](mailto:erna@tlm.co.za)